# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2026-04-10

Liewe Ouers

Welkom terug na die vakansie. Ons hoop almal het die breek in roetine geniet, al was julle nie weg met vakansie nie. Ons sien uit na die kwartaal met die kleuters.

**RAPPORTE**

Alle rapporte, met hul koeverte, moet Maandag in wees, asb.

## GRAAD R-INLIGTING:

**INSTAPPIE: DONDERDAG 14 MEI**

*Boekbuddies* besoek die graad R-kleuters. Ouers moet asb. R50-00 inbetaal op die D6-toepassing.
Gelde moet teen **Maandag 11 Mei** inbetaal wees, asb.

Ons tema vir volgende week is: **HERFS**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies gaan wees: | Kleur: | **Hersiening** |
| | Vorm: | **Ster** |
| | Getal: | **4 en vierde** |
| | Klank: | **r-klankie** |

Assesserings:
**Verjaarsdagdatum (dag en maand)**
**Legkaarte (minstens tot 60 stukke)**
**Plaas prente in die korrekte volgorde**
**Luister en doen**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 13 April: | ***Bring 'n uitgeknipte "r-klank" prent, asb.*** |
| Dinsdag | 14 April: | Ons skep 'n herfsboom |
| Woensdag | 15 April: | Pak 'n sterbroodjie in, asb. |
| Donderdag | 16 April: | Ons leer om die "r" te skryf |
| Vrydag | 17 April: | Skoolhempie en lekkertjiedag |

## GRAAD RR-INLIGTING:

**INSTAPPIE: VRYDAG 17 APRIL**

Om by ons tema van die week aan te pas, besoek Jeanine van Tonder, 'n mondhigiënis, ons graad RR-kleuters om ons van gesonde tande te leer. Sy sal ons kleuters ook mooi verduidelik hoe om tande te borsel en gereeld te flos. Op hierdie ouderdom is die belangrikheid van tandversorging baie belangrik, aangesien die permanente tande reeds in die tandkaste gevorm word.
***Skoolhempies is verpligtend op Instappie-dae. Onthou asb. om dit aan te trek.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | | **TANDE** | |
| Ons persepsies gaan wees: | | Kleur: | **Groen** |
| | | Vorm: | **Vierkant** |
| | | Getal: | **6** |
| | | Klank: | **l-klankie** |
| Maandag | 13 April: | ***Bring asb. ‘n leë tandepastaboksie*** | |
| Dinsdag | 14 April: | ***WKOD Registrasie: Sluitingsdatum*** | |
| Woensdag | 15 April: | Ons maak gesonde en ongesonde tande | |
| Donderdag | 16 April: | Ons teken die tandmuis | |
| Vrydag | 17 April: | ***Instappie: ‘n Mondhigiënis besoek die graad RR-kleuters***<br>***Skoolhempies is verpligte drag op ‘n Instappiedag*** | |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel